

# Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English / Afrikaans

May 2020 Edition 2



**Health sector  
readied for  
COVID-19  
spike**

**Page 6**



**Jobless  
to receive  
distress  
funding**

**Page 9**

# Schools to re-open in phases

**SCHOOL PERSONNEL** are returning to work on set dates during May to prepare for the return of Grade 7 and matric students in June, with subsequent grades being phased in over a period of time.

**More Matshediso**

**T**he Department of Basic Education has revised the school calendar to keep learners and teachers safe as South Africa continues to fight the coronavirus (COVID-19) pandemic.

Basic Education Minister Angie Motshekga says the plan is that Grade 12 and 7 learners go back to school on 1 June 2020. Office-based staff returned to

work on 4 May, school management teams on 11 May and teachers on 18 May to allow sufficient time for schools to be prepared for the return of the first batch of learners.

The school calendar will be gazetted once the administrative work has been completed.

Furthermore, special arrangements will be made to permit learners and teachers who are currently in other towns or cities, provinces and/or neighbouring countries to return to

their schools and places of residence.

A special dispensation will also put in place for learners who experience barriers to learning.

**Catch-up programme**

Following the announcement of the national lockdown by President Cyril Ramaphosa, the Council of Education Ministers agreed to focus on a catch-up programme for when learners return to school and, in the

meantime, to double efforts to promote learning and teaching in homes.

“We are grateful that our partners have made great strides to reach out to as many learners as possible, with the provision of curriculum support during the COVID-19 lockdown,” Minister Motshekga says.

The department has used 123 radio stations and six television channels, with a total reach of over 35 million people, to minimise the impact of the national

lockdown on schoolchildren by putting learning support within their reach.

In addition to the 13 radio stations of the SABC, which broadcast in all official languages, 110 community radio stations are also involved in carrying curriculum content on a daily basis.

The radio lessons provide curriculum support lessons to learners in various grades, including early childhood de

• Cont page 2

**NDP** 2030

To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:

Search for SA Government on Google playstore or appstore

**CONTACT US**

Website: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za) Email: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)  
[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za) Tel: (+27) 12 473 0353

Tshedimosetso House:  
1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083





"DIT IS NOU TYD DAT ONS ALMAL TER ERE VAN NELSON MANDELA MOET SAAMWERK OM 'N NUWE, BETER SUID-AFRIKA VIR ALMAL TE BOU."

PRESIDENT CYRIL RAMAPHOSA

#SendMe

LAAT JOU TOEKOMS BETER WEES  
LEER VAN MADIBA



# Kom ons staan saam in ons stryd teen Covid-19

**D**ie hele wêreld is in die meedoënlose greep van die koronaviruspandemie, wat vinnig versprei het. Daar is nog nie 'n entstof nie. Meer as 3,4 miljoen mense wêreldwyd het die virus en meer as 240 000 het reeds daaraan gesterf. Ons beleef werklik wanhopige tye.

Toe die nasionale rampstaatses weke gelede verklaar is, het Suid-Afrika slegs 61 bevestigde koronavirusinfeksies gehad. Ondanks die betreklike klein hoeveelheid, het deskundiges se menings en internasionale ervaring, aangedui dat infeksies eksponensieel gaan styg. Ek het gesê dat dringende en drastiese stappe geneem sou moes word.

Daardie maatreëls, insluitend 'n landwye staat van inperking en die sluit van ons grense, was doeltreffend om verspreiding van die siekte te vertraag.

Dit was moontlik omdat die meeste Suid-Afrikaners die inperkingsreëls, soos die toepas van sosiale afstand en die dra van gesigmaskers, nagekom het. Ek prys julle hiervoor, asook vir al die ander opofferings wat julle gemaak het.

Ander lande het in dié stadium van die pandemie se verloop, baie meer infeksies as ons gehad. Tot op hede, 46 dae sedert ons ons 100ste koronavirusgeval aangeteken het, het ons 6 783 bevestigde gevalle. Op die 46-dae merk het Italië, met 'n soortgelyke bevolkingstal as ons, meer as 140 000

gevalle en die Verenigde State ongeveer 700 000 bevestigde gevalle, gehad.

Dit beteken egter nie dat die gevaar nou verby is nie. Ons het nog glad nie die toppunt van infeksies in Suid-Afrika bereik nie. Al die wetenskaplike modelle toon dat die infeksiëkoers in die volgende paar maande steeds teen 'n baie vinniger koers kan styg.

Die tempo waarteen die virus versprei en die aantal mense wat uiteindelik die virus gaan opdoen, sal egter bepaal word deur wat ons nou doen. Dit is waarom die staat van inperking geleidelik en versigtig verslap moet word. Dit is om dié rede dat baie regulasies steeds gehandhaaf moet word en waarom dit absoluut noodsaaklik is dat mense dit nakom. Ek weet hoe moeilik dit is en ek verstaan die besorgdheid van baie van ons landgenote oor hoe dié regulasies inbreuk maak op hulle regte en dit beperk, maar dit is alles noodsaaklik. Ons oorheersende doelwit is om lewens te red.

Sosiale afstand en behoorlike higiëne is steeds ons beste en enigste beskerming in dié stryd. Dit is wat die regulasies wat ons vir vlak 4 van ons reaksie ingestel het, teweegbring. Ons oorwegings is gegrond op empiriese bewyse, sowel as wetenskaplike en ekonomiese data en internasionale beste praktyk.

Regter Arthur Chaskalson het in 1994 in die uitspraak van die Grondwetlike Hof wat die doodstraf as onwettig

verklaar het, geskryf: "Die regte tot lewe en waardigheid is die belangrikste menseregte en die bron van alle ander persoonlike regte. Deur onself aan 'n samelewing wat op die erkenning van menseregte gegrond is, te verbind, word daar van ons vewag om dié twee regte bo alle ander te stel."

Die regulasies wat ons ingestel het, is gegrond op daardie toewyding aan lewe en waardigheid en dit regverdig, in dié uiterste omstandighede, tydelike beperkings op ander regte, soos vryheid van beweging en assosiasie.

Deur dit te doen, het Suid-Afrika nie anders as baie ander lande opgetree nie.

Daar word beraam dat 'n vyfde van die wêreld se bevolking onder kwarantyn of in 'n nasionale staat van inperking is, terwyl dié getal vinnig styg in reaksie op toenemende infeksies. Dit sluit lande met aansienlik groter bevolkings as ons s'n in, soos Indië, met 1,5 miljard mense.

Tientalle lande het aandklokke ingestel, soos wat nou hier ingestel is. Beperkings op beweging is in verskeie lande ingestel. In Brittanje en die Franse hoofstad, Parys, is openbare fisiese oefening tot sekere ure en binne 'n sekere afstand van 'n mens se huis af, beperk.

Inperking- en voorkomingsmaatreëls wat soortgelyk aan ons s'n is, is in verskeie lande ingestel. Byvoorbeeld, die verkoop van alkohol tydens die inperking is in verskeie grondgebiede en deur plaasli-

ke regerings beperk of verbied, insluitend dele van Meksiko, Hongkong en Groenland, wat verlede maand 'n verbod op alkoholverkope tydens die inperking ingestel het om infeksies asook 'geweld teen vroue en kinders' te beperk.

Die regering se besluit om die verbod op tabakprodukte in vlak 4 te verleng, het heelwat openbare kommentaar uitgelok. 'n Besluit soos hierdie gaan omstrede wees, maar dit is verkeerd om te beweer dat ministers of die president net sê en doen wat hulle wil oor hierdie saak.

Ek het op 23 April aangekondig dat die verkoop van sigarette tydens vlak 4 toegelaat sou word. Dit was gegrond op die mening van die Nasionale Koronavirusbeheerraad (NKB) soos vervat in die konsepraamwerk wat vir konsultasie gepubliseer is.

Die NKB het na deeglike oorweging en bespreking, sy posisie oor tabak heroorweeg. Dit het daartoe gelei dat die regulasies wat deur die Kabinet bekragtig is en op 29 April deur Minister Nkosazana Dlamini-Zuma aangekondig is, die verbod verleng het.

Dit was 'n gesamentlike besluit en die openbare verklarings deur my en die minister is namens en volgens die mandaat van die kollektief wat ek lei, gedoen.

Elke regulasie wat ons ingestel het, is deeglik oorweeg. Ons het voortdurend mediese deskundiges, verskeie kiesafdelings en verskillende indus-

trieë geraadpleeg. Ons is deur internasionale instansies en die ervaring van ander lande gelei.

Die werklikheid is dat ons in onbekende waters vaar. Daar is steeds baie dinge oor die virus se epidemiologie wat onbekend is. Dit is beter om nou versigtig wees as om die rampspoedige prys vir 'n toekomstige oordeelsfout te betaal.

Hoewel daar uiteenlopende menings oor sommige van die besluite is wat ons geneem het – en dit in sommige gevalle opvattinge gepolariseer het – doen die regering alles moontlik om op 'n manier op te tree wat die reg tot lewe en waardigheid van al ons mense bevorder.

Een van die onderskeidende kenmerke van hoe ons, as die regering, dié pandemie hanteer, is dat ons tydens dié tydperk na ons mense en hulle bekommernisse luister. Ons sal steeds na ons mense se bekommernisse luister en is bereid om wysigings te maak wat mense se besorgdheid oor die uitdagings wat hulle in die gesig staar, met die behoefte om lewens te red, balanseer.

In dié moeilike tyd, moet ons ons gesamentlike krag daarop rig om te verseker dat ons mense gesond bly en dat lewens gered word, asook dat die voorsiening van kos, water, gesondheidsorg, maatskaplike sekerheid en maatskaplike ondersteuning nie onderbreek word nie.

Onder hierdie uitsonderlike omstandighede, sal ons as die regering, individue en die samelewing, soms foute maak. En wanneer dit gebeur, sal ons dit regstel, maar ons moet voortgaan sonder om moed te verloor en ons voornemens prys te gee.

Die situasie waarin ons onself bevind vereis moed en geduld, sowel as goedgesindheid en vertroue tussen jou, die mense, en jou regering, en tussen mekaar.




# Stap-vir-stap gids vir die gebruik van gesigmaskers



Dit is baie belangrik dat materiaalgesigmaskers reg gebruik word. Die verkeerde gebruik kan daartoe lei dat gebruikers hulself daaraan blootstel om Covid-19 te versprei.

Selfs al dra jy 'n masker, moet jy steeds:

- jou hande was
- sosiale afstand handhaaf
- onthou om in jou gebuigde elmboog te hoë of te nies
- nie met ongewaste hande aan jou oë, neus of mond raak nie.



**D**ie Nasionale Departement van Gesondheid beveel aan dat almal in Suid-Afrika 'n materiaalgesigmasker (ook genoem 'n nie-mediese masker) dra wanneer hulle in die openbaar is.

Pendelaars wat taxi's en ander vorme van openbare vervoer gebruik, asook mense wat tyd op plekke deurbring waar dit moeilik is om jou fisies van ander mense te distansieer, word veral aangemoedig om gesigmaskers te dra.

Die hoofvoordeel wanneer almal 'n gesigmasker

dra, is dat dit die hoeveelheid koronavirus (Covid-19)-druppels wat deur mense wat die virus het, uitgehoes word, verminder, wat dus die verspreiding deur druppels beperk.

Almal behoort 'n gesigmasker te dra, aangesien sommige mense, wat die koronavirus het, nie simptome het nie of nie weet dat hulle die virus het nie.

## Asemhalingshigiëne vir die dra van materiaalgesigmaskers

Materiaalgesigmaskers word as deel van asemhalingshigiëne of -reëls


aanbeveel, wat onder meer bepaal dat jy in jou gebuigde elmboog of 'n snesie moet hoë of nies. Die gesigmasker moet die neus en mond heeltemal bedek. Gesigmaskers behoort nie afgehaal te word wanneer daar gepraat, gehoë of genies word nie.

Die publiek behoort nie chirurgiese (mediese) maskers of N-95-asemhalingmaskers te gebruik nie, want dit word vir gesondheidsorgwerkers en ander frontlinie mediese personeel gespaar. **U**

## Hoe om jou materiaalmasker te hanteer

1. Gebruik slegs 'n masker wat gewas en gestryk is.
2. Was jou hande voordat jy die masker opsit.
3. Sit die masker met die regte kant na jou gesig toe op en maak seker dat dit jou neus en mond behoorlik bedek.
4. Bind die touthouers agter jou kop vas, of as jy rekkies gebruik, maak seker dat die rekkies die masker styf vashou.
5. Maak seker dat dit goed pas. Beweeg dit rond totdat dit goed pas. Moet nooit aan die materiaalgedeelte vat nie.
6. Wanneer jy die masker opgesit het, MOET JY NIE AAN JOU GESIG VAT voordat jy dit afgehaal het nie.
7. Wanneer jy die masker afhaal, maak die touthouers los, vou die masker onderstebo, hou dit vas aan die touthouers/rekkies en sit dit in 'n houër wat spesifiek vir die was van materiaalmaskers opsygesit is.
8. Was jou hande deeglik en droog hulle behoorlik af voordat jy enigiets anders doen.
9. Daar moet minstens twee materiaalmaskers per persoon wees sodat een gewas kan word en daar een skoon masker vir gebruik is.
10. Maskers moet met seep en warm water gewas word, behoorlik uitgespoel en gestryk word.

## SOCIAL DISTANCING



## Die belangrikheid van sosiale afstand

Sosiale afstand is uiters belangrik in die stryd teen Covid-19 omdat dit help om die verspreiding van dié siekte regoor die land te beperk.

Sosiale afstand beteken dat jy 'n veilige afstand van ongeveer 2m van ander mense af moet wegbly, sodat jy die oordrag van Covid-19 beperk.

Dié gewoonte is baie belangrik terwyl ons midde-in die koronavirusepidemie is, waar die virus van persoon tot persoon oorgedra word wanneer druppels van iemand wat die virus het, deur nies, hoë of praat, versprei.

Die toepas van sosiale afstand en die staat van inperking in Suid-Afrika is noodsaaklik om die kurwe gelyk te maak, wat aangedui word deur 'n afname in die aantal mense wat die virus opdoen.

Dié inligting is deur die Nasionale Departement van Gesondheid, verskaf.